Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 1**

**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die onderwerpe kan, waar van toepassing, letterlik of figuurlik geïnterpreteer word. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, soos **byvoorbeeld**:

1.1 **Die vreemdeling op die dorp**
As 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat verhalend skryf oor die ongewone/vreemde besoeker op 'n dorp. In 'n **beskrywende** opstel kan die besoeker se emosies tydens sy/haar besoek aan die dorp of spesifieke gebeure wat daar plaasgevind het, in detail beskryf word. By 'n **bespiegelende** interpretasie kan die redes vir die besoeker se teenwoordigheid op die spesifieke dorp ondersoek word. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word. **[50]**

1.2 **Totsiens, matriek! Dagsê, lewe!**
Die kandidaat sal die opstel as 'n **verhalende** opstel kan aanbied indien hy/sy terugdink aan 'n spesifieke insident/persoon/spesifieke insidente/persone tydens sy/haar laaste skooldag/skooljaar. 'n **Beskrywende** opstel kan die emosies van 'n matrikulant beskryf wat hom/haar op die vooraand van 'n onsekere grootmenslewe bevind. Die fokus kan op afskeid/groet aan die einde van die skoolloopbaan val en die opgewondenheid oor die nuwe fase in die kandidaat se lewe. 'n **Bespiegelende** interpretasie van die onderwerp kan die moontlike uitdagings aanspreek wat (huidige) skoolverlaters in die gesig staar. Indien die kandidaat argumente aanvoer of skoolopvoeding matrikulante doeltreffend al dan nie vir die grootmenslewe voorberei, kan so 'n skryfstuk as 'n **argumenterende** opstel aanvaar word. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word. **[50]**

1.3 **Suid-Afrika se grootste bate is die wonderlike mense wat hier woon.**
Sou hierdie skryfstuk 'n verhaal vertel waarin Suid-Afrikaners mekaar op unieke wyses ondersteun/gehelp het, kan dit as 'n **verhalende** opstel aanvaar word. Eiesoortige/diverse eienskappe van verskillende kultuurgroepe in die Suid-Afrikaanse samelewing kan in die inhoud van 'n **beskrywende** opstel uiteengesit word, terwyl 'n **bespiegelende** opstel byvoorbeeld kan besin oor redes waarom Suid-Afrika se ménse juis die land se grootste bate is. In 'n **beredeneerde** opstel kan die kandidaat moontlik beredeneer of mense Suid-Afrika se grootste bate is en of daar nie waarskynlik ander bates is wat belangriker is nie. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word. **[50]**

1.4 **"Nee, Ma/Pa, ek is mos nou dárem nie meer 'n kindjie van ses jaar nie!"**
In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat die gebeure wat tot hierdie stelling gelei het, aanbied. Die emosies wat die kandidaat rondom die onbillike/onregverdige optrede deur ouers beleef, kan in 'n **beskrywende** opstel verwoord word. Die kandidaat kan in 'n **bespiegelende** opstel wonder oor wanneer ouers die besluit moet neem om kinders se onafhanklikheid te begin respekteer, terwyl 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel byvoorbeeld redes kan aanvoer waarom dit belangrik is dat kinders toegelaat moet word om hulle eie besluite te neem. **[50]**

1.5 **Geluk is soos 'n skoenlapper ...**
Die kandidaat kan 'n **verhalende** opstel oor hierdie onderwerp skryf waarin 'n storie vertel word van hoe iemand uiteindelik ontwykende geluk gevind het toe hy/sy dit nie meer probeer najaag het nie. Die gewaarwordinge van 'n persoon wat tevergeefs na geluk/voorspoed soek, kan as 'n **beskrywende** opstel aanvaar word. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die redes waarom mense so naarstiglik na geluk soek, terwyl 'n **argumenterende/beredeneerde** opstel argumente kan aanvoer waarom die najaag van geluk waarskynlik nie altyd suksesvol/bevredigend sal verloop nie. **[50]**

1.6.1 **Fiets**
Indien hierdie prikkel as 'n **verhalende** opstel geïnterpreteer word, sou 'n kandidaat byvoorbeeld vertel van 'n insident/insidente waar 'n fiets/fietse sy/haar lewe beïnvloed het. In 'n **beskrywende** opstel kan 'n kandidaat beskrywings gee van 'n fietstoer wat hy/sy meegemaak het, terwyl 'n **bespiegelende** opstel oor die waarde van fietse as vervoermiddel kan handel. Die voor- en nadele van fietse as vervoermiddels in die moderne era is kwessies wat waarskynlik in 'n **argumenterend**/**beredeneerde** opstel aangespreek kan word. **[50]**

1.6.2 **Appel in spieël**
Hierdie prikkel kan hom tot 'n **verhalende** opstel leen indien 'n kandidaat byvoorbeeld die storie vertel hoe iemand se selfbeeld/lewe drasties as gevolg van 'n spesifieke insident/insidente verander/verbeter het. In 'n **bespiegelende** opstel kan 'n kandidaat besin oor die redes waarom mense hulleself minderwaardig ag terwyl hulle eintlik oor genoeg potensiaal beskik om bo hulle omstandighede uit te styg/nie rede tot minderwaardigheid het nie. Hierdie prikkel kan hom ook tot 'n **argumenterende**/**beredeneerde** opstel leen sou 'n kandidaat oor die belangrikheid van 'n gesonde selfbeeld wou argumenteer/redeneer. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word. **[50]**

1.6.3 **Tatoeëermerke**
In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat oor 'n spesifieke situasie skryf wat daartoe aanleiding gegee het dat hy/sy/iemand besluit het om 'n tatoeëermerk te laat aanbring. 'n **Beskrywende** interpretasie kan op die verskillende patrone/vorms konsentreer wat tatoeëermerke kan aanneem, terwyl 'n besinning oor die implisiete boodskappe wat soms aan tatoeëermerke geheg word as 'n **bespiegelende** opstel aanvaar kan word. In 'n **argumenterende**/**beredeneerde** opstel kan die kandidaat die waarde van tatoeëermerke as kuns beredeneer/argumenteer. **[50]**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

